# Chairman's Report: July 2015 – June 2016

*An overview by Mr. Guillau du Toit, National Chairman,*
*National Woolgrowers' Association of SA (NWGA)*

---

**INLEIDING**

As ons terugkyk oor die afgelope jaar, kan ons 'n klomp negatiewe dinge kwytraak, wat nie my intensie is nie. Maar dis tog belangrik om na realiteite te kyk. Wat het uitgestaan?

- In landbou, seker die ergste droogte in 100 jaar in sekere gebiede met 'n intensiteit wat spore van krisisse en geknakte mense agterlaat. Ons opregte dank aan Agri SA wat grootse pogings en daadwerklike hulp bewerkstellig het om hulp te verleen. Indien ons kyk na die geldnood, werkloosheid en armoede in SA, kan ons tereg vra,: Hoe gaan ons bedryf droogtes in die toekoms hanteer? Soos wat ons goeie bestuur op ons uitgawes toepas in tye van nood, sal ons moet leer om dieselfde dissipline te handhaaf in die goeie tye. Kortom, wees selfversorgend sover moontlik. Kom ons sê reguit vir mekaar dat hulp van die regering vir die kommersiële boer so onwaarskynlik is, soos wat skaap botande het.
- Die voortdurende swaard oor landbou t.o.v grondhervorming en eiendomsreg.
- Swak ekonomiese en politieke omstandighede en ondeurdagte besluite wat SA bykans in 'junk' of rommel status laat beland het.
- Voortslepende onrus en ontevredenheid by tersiëre instellings met gepaardgaande vandalisme.
- Steeds stygende werkloosheid, afdankings by myne, wat alles tot politieke onrus lei.
- 'n Sogenaamde vlugtelingskrisis in die wêreld, wat hoofsaaklik Europa getref het (SA is al gewoond daaraan) met die invloei van radikale terrorisme onder die dekmantel daarvan.

So kan ons voortgaan, maar ek wil teruggaan na my handleiding, **die Bybel**, om te probeer verstaan.

*Math. 24:6.*

*'And you will hear of wars and rumours of wars; see that you are not frightened or troubled, for this* ***must*** *take place , but the end is not yet. …There will be famines and earthquakes in place after*

*place….. All this is but the beginning of the birth pangs, the beginning of the new time. But he who endures to the end will be saved!'*

*Rom 12:2*

'*Do not be conformed to this world, but be transformed by the renewal of your mind, so that you may prove what is the good and acceptable and perfect will of God.'*

This is the beginning of: **Reformation with a twist**:

It must start in our hearts. So, let us use the negative to see the challenge in life.

**WOLMARK**

Die wolmark het Augustus goed geopen. Na 'n aanvanklike afname het dit ongeveer vanaf die 10de veiling kop opgetel, met veral 'n sterk styging na Pres Zuma se Nene debakel en vandaar 'n redelike sywaartse beweging wat hoofsaaklik randgedrewe was. Alle aanduidings is tans daar, dat die mark die seisoen weer op 'n hoogtepunt gaan afsluit.Gedurende die jaar was aanvraag egter goed met 'n lewendige kopersmark vir goeie kwaliteit merinowol. Hoewel SA minder as 3% van die wêreld se wol produseer, lewer ons ongeveer 16% van die wêreld se kleedwol. Ons kan dus nie roem op hoeveelheid vir bedinging in die wêreldmark nie, daarom is ons kwaliteit van wol en SA se uitstekend geklasde skeersels ons enigste bedingingsmag.

En dit begin by die produsent!

Wolvesel het gedaal tot 'n skamele 1,3% markaandeel.van kleedwol tekstiel vesels. Dit plaas die wolbedryf baie duidelik in 'n nismark. Maar wat sou gebeur met 'n verdere daling? Wat is die speling in 'n nismark? Wat is die onderste afsnypunt van 'n nismark? Weet ons dit? Myns insiens is ons op 'n rooilyn gevaarzone. Lewers, met steeds wêreldwye dalende produksie, gaan ons die gevaar loop dat die hoë nismarkpryse, ons uit die handel kan uitprys. Daarom is dit uiters noodsaaklik dat wolproduksie in SA nie net instand gehou word nie, maar moet styg om aan die

vraag te voldoen. Hierdie is nie net ‘n NWKV taak nie, maar ‘n uitgebreide bedryfstaak met die hulp van al die rolspelers.

Dit bring my ook by die punt waarby ek wil melding maak van die uiters goeie onderlinge gesindheid van rolspelers in ons SA wolbedryf. My dank aan ons voorgangers wat die vise gehad het om ons strukture so met mekaar te integreer dat elkeen steeds sy identiteit behou, maar met ‘n wisselwerking van goeie gesprek en samewerking die SA bedryf kan dien.Die afgelope seisoen was Oos-Kaap weereens die grootste provinsiale produseerder van wol met bykans 16 miljoen kg tot op datum, maar die 3 grootste wolproduserende distrikte is:

**eerste** Bredasdorp met 1,250 mil kg,

**tweede** Caledon met 1,2 mil kg en

**derde** Swellendam in die Wes-Kaap met 930 000 kg afgerond. Na verwagting sal die totale lewering van die jaar met ‘n skamele 2% daal teenoor die vorige seisoen. Dit is ‘n positiewe sein indien wisselende skeerpatrone en die afgelope jaar se droogte in ag geneem word.

**KOMMERSIëLE PRODUKSIE-ADVIESDIENSTE**

Met die bedanking van MP se produksie-adviseur gedurende Augustus 2015, is die reeds beplande werksarea t.o.v produksie-adviesdienste in werking gestel. Dit het tot gevolg gehad dat KZN en MP slegs deur een produksie-advieseur gediens word, met ‘n sterk fokus op veediefstal en predasie. Verskeie ander adviseurs werk ook oor provinsiale grense. Die rede hiervoor is optimale en koste-effektiewe bestuur in eiesoortige gebiede. Ek moet ookrapporteer dat die probleme rondom mynbou ‘n groot daling in wolproduksie in MP oor jare laat ontstaan het. Ons ondervind ook ‘n moedeloosheid en negatiewiteit rondom landbou in hierdie gebiede met ‘n daling in produksie-advies aktiwiteite,meelewing van bestuur enafname in produsente ledetal.

Bom, jy het ‘n groot taak om hier te vervul, en ek wil jou bedank vir positiwiteit en nuwe inisiatiewe aan die dag gelê om hierdie provinsie weer op dreef te kry.

Daarom doen ek ook ‘n beroep op MP bestuur om skouer aan die wiel te sit om jul regmatige plek in ons produsente organisasie te behou.

Ek wil ook my dank aan Dr Louis Du Pisani en al ons produksie-adviseurs uitspreek vir die uiters positiewe gesindheid en passie waarmee jul tans jul werk verrig. Julle verrig ‘n groot taak om mensalleen in so ‘n groot bedieningsgebied ‘n verskil te maak. Daarom is dit met ‘n gevoel van trots om te rapporteer dat ons produsentedienste teen die einde van April reeds meer as die vereiste 75% van hul doelwitte t.o.v die Cape Wools kontrak vir die seisoen nagekom het.

Dit beteken nie die diens is vervolmaak nie. Ons sal deurgaans vernuwend moet dink en leemtes aanspreek om in ‘n veranderde omgewing relevant te bly. Die Produksie Advieskomitee het hier ‘n groot rol om te vervul.

**<u>COMMUNAL PRODUCTION ADVISORY SERVICE</u>**

Just some background……

The NWGA, in partnership with the Wool Trust, Cape Wools, Department Rural Development & Land Reform and EC Department of Rural Development and Agrarian Reform (DRDAR), have been involved in a rural development programme for communal wool sheep producers in the Eastern Cape since 1997

The programme focuses on:

- Organising wool sheep producers into wool growers associations;
- Sheep shearing infrastructure development;
- Market readiness and –access;
- Wool sheep management training and mentorship;
- Genetic Improvement;
- Resource management; and
- Institutional support

Initially in 2004, DRDAR seconded a total of 8 of their extension officers to the NWGA. The NWGA employs 3 staff members. Over the years the number of extension officers gradually decreased to its current level of 3, which will be 2 by the end of July 2016. Over the past years the success of the programme was phenomenal as you can see on the table displayed on the screen.

During the last 12 years, the monetary value of the wool sold through the formal market increased with more than R136 million. The improvement of the wool income of 4 of the shearing sheds, that are still supported through the NWGA advisory service, improved from R73 500 to R2,545 million. The change in wool revenue of 2 of the sheds that do not receive any support, due to the shortage of staff and available funding shows very clearly that they are lagging behind. A study conducted last year by the NWGA, concluded the following:

At current wool price levels, the 568 communal wool producers whose data was used, forfeit a calculated R72 million in revenue per annum. When this figure is extrapolated to the rest of the 1 228 shearing sheds, it is estimated that the potential growth in revenue could be as much as R120 million per year.

In spite of several meetings and promises from government, we still find ourselves in this terrible position. To me it's unclear and completely unacceptable why government is so indolent to support and team up on such a success story of uplifting people.

We as NWGA are so committed towards this project, not because of forced transformation, but because we believe in uplifting our fellow producers to the benefit of themselves, the industry and the benefit of the whole country. We are not doing this by force, but by faith, because it is part of our biblical assignment to do it. Therefor we still spend 63% of our budget in the communal areas.

Again Chair – We call it - **Transformation with a twist**.

Therefore we urgently ask the Wool Trust to continue the support to this project. The meaning thereof is to serve more than 24 000 producers with a conservative estimated 4 million sheep in an area of 4,3 million ha, twice as big as Gauteng province. Given the area and topography, it is wishful thinking that one man can serve more than 30 sheds effectively every year. This situation proves the absolute necessity for more production advisors to be employed.

NWKV se Genetiese Verbeteringsprojek het sedert 2002 reeds meer as 40 000 kwaliteit ramme in kommuniale kuddes van Oos-Kaap geplaas. Projek word tans befonds deur Dept Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming. Verlede seisoen is weereens 2966 ramme suksesvol uitgeplaas. 10 van hierdie ramme is geteel deur ons eie opkomende boere wat vir die projek goedgekeur is- ‘n eerste vir die wolbedryf. Verdere geskiedenis is gemaak met die stigting van ‘n eerste kommunale veldramklub met 22 ramme van kommunale telers wat op ‘n komersiële plaas geëvalieer word. Baie geluk aan hierdie telers. Zoetes borg die dieregesondheid en Molatek die aanvullende voeding.

**SKEER**

Die opleiding van skeerders bly steeds ‘n hoë prioriteit. Die aanvraag in die mark bepaal egter die persentasie van opgeleide skeerders wat toegang tot werk kry. Daarom verskuif die fokus meer na effektiewe en deurlopende opleiding, m.a.w.kwaliteit i.p.v kwantiteit.

Skeer is ‘n fisiese harde werk wat met tegniese presisie uitgevoer word, daarom is dit noodsaaklik om voortdurend na die omstandighede van ons skeerders te kyk. Vandaar dan ook ons Kode vir Beste Praktyke. As produsente moet ons onself vergewis of ons daaraan voldoen. CW gaan ook eersdaags ‘n ondersoek loots en ‘n opname op plase doen om te bepaal in hoe ‘n mate ons aan die kode voldoen.

**FINANCES**

Our sincere appreciation to our funders – The Wool Trust - through CWSA, Agri SETA, Department of Rural Development & Land Reform, Agrarian Reform, Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF) and Intsika Yethu Municipality.

Funding for specifically predation management training and monitor farms is also received from the provincial branches of the NWGA, CWSA, DAFF, EC RPO, Mohair Industry and NC RPO.

Funders and Sponsors of NWGA Own Affairs, as already published and named in the congress documents, needs special mention.

Dit is aangenaam om te sê dat die NWKV met streng finansiële dissipline en inkorting aan die einde van hierdie finansiële jaar bykans gaan gelykbreek met 'n baie klein tekort

Produktiwiteit van die organisasie is tot maksimum vlakke verhoog om met 'n kleinerwordende inkomste dieselfde dienste te lewer. Die balans is egter nou op 'n mespunt gebalanseer en ons loop gevaar om die goeie werk van die verlede ongedaan te maak, soos reeds genoem in die kommunale gebiede. Om eksterne fondse te bekom raak steeds moeiliker en die bestuur van die NWKV sal gesonde beleid, innoverende denke en bogemiddelde bestuur moet handhaaf om sy dienste met huidige befondsing bevredigend uit te voer.

**BETROKKENHEID VAN NWKV TOT VOORDEEL VAN SY LEDE:**

**Livestock Diseases and Animal Health Forum( AHF)**

Foot and Mouth Disease outbreaks in Zimbabwe were closely monitored by DAFF and veterinary services. Drought conditions pose serious a threat as wildlife and livestock roam across the SA border in search of feed. High value of game may also lead to illegal trade and movement of game, which is a serious threat for Foot and Mouth Disease outbreaks.NWGA also communicated with Wildlife Ranching on this threat and they confirmed their strong viewpoint against illegal trade.

**Compulsory Community Services for Veterinary (CCS Vets)**

Legislation for CCS Vets has been enacted and the first Veterinarians who completed their studies in 2015 have been employed from January 2016. NWGA was successful in its application to have support from these Vets in Northern Cape, Free State and Eastern Cape. It is important to make use of these Vets purposefully to ensure that the programme is to be continued in future.

**OBP vaccines**

NWGA had various engagements with OBP management, as well as the DG, Minister and Veterinary Directorate on the unavailability of OBP vaccines. It is also in the interest of producers that OBP is successful to ensure that important vaccines like Blue Tongue and Rift Valley Fever are available. Reports from OBP indicate that vaccines are now readily available.

**Slenkdalkoors**

'n Omvattende internasionale navorsingsprojek is tans aan die gang in dele van Vrystaat. NWKV en van sy lede is ten nouste betrokke by die werk.

**Ovine Johne's Disease (OJD)**

An accurate test to diagnostic method for OJD is currently being validated by Onderstepoort Veterinary Institute. This work is funded by Cape Wools SA. However the larger wool sheep breeding societies already formally agreed to implement the vendor declaration when livestock is sold at auctions. It does not seem to happened yet in practice.

At yesterday's management meeting the following procedure was agreed to:

Ons het 'n keuse:. Volstruispolitiek met ons koppe in die sand. Sien, hoor of doen niks en op die einde van die dag, voor ons ons oë uitvee, draai ons op 'n punt van 'n onekonomiese kudde met 'n mortaliteit wat die ondergang van die bedryf kan beteken. Ons as produsente het 'n verantwoordelikheid. Telers het 'n verantwoordelikheid, maar dit is belangrik dat elke produsent integriteit aan die dag lê!

Biosekuriteit is nie ‘n verantwoordelikheid wat verder in die ketting afgestoot behoort te word. Nee, dit begin op elke produsent se plaas en is elkeen se verantwoordelikheid.

**Livestock Welfare**

The NWGA is a member of the Livestock Welfare Coordinating Committee to discuss anddebate livestock welfare issues. The Wool Industry is fortunate to have a Code of Best Practice in place in support of livestock welfare and which is currently being updated. The updated document will be submitted to the LWCC to also gain their further support of our industry’s commitment to welfare issues.

**Predasie Bestuursforum**

Niel Viljoen het die afgelope seisoen sy agste jaar in predasie bestuursopleiding voltooi,terwyl hy al persoonlik 25 jaar daarmee besig is  Daar is ook die afgelope jaar geslaag om hierdie opleidingskursus by Agri SETA te akkrediteer. Dr. Gerhard Verdoorn staan ons by as ‘n spesialis kundige in die verband.. Een hele sessie word môre aan predasie gewy met meer inligting.

Na ‘n lang verloop en onderhandelinge begin die NMMU onder leiding van Prof Graham Kerley, Direkteur van die sentrum vir bewaringsekologie eersdaags met die  Assesering van Predasie in SA. Dr Dave Balfour is aangestel om die projek te bestuur.  Departement van Omgewingsake het R1 miljoen beskikbaar gestel. Die wolbedryf ‘n verdere R500 000 asook bydraes van SAMGA en Woolworths. Die NWKV het ook namens die PMF suksesvol onderhandel met die Kooperasie in Humansdorp vir goedkoop jakkalswerende draad, waarvan 1% van die kooperasie se omset teruggeploeg word in die vir Niel Viljoen se predasie-opleidingsprogram.

Ander draadverskaffers, by name OVK en BKB het gevolg en nog soortgelyke aanbiedinge word verwag!

Dit bly ‘n uitdaging hoe om predasiebestuur aanvaarbaar in alle kringe te verdedig.

Miskien moet ons afwyk van die klem op predasie en konsentreer op ‘n “happy sheep” benadering.

Again - **Reformation with a twist?**

**Hollard versekering**

NWKV het hierdie rampversekering vir sy lede beding en saam met Hollard ‘n baie bekostigbare produk vir produsente ontwikkel. Besonderhede van die versekering is op brosjures aangebring, asook die NWKV webwerf.

NWKV lede kan hierdie versekering teen die helfte van die prys bekom teenoor die van nie-lede. Ondersteun dus asseblief die projek met vrymoedigheid.

**Woldiefstal**

Vind veral in kommunale gebiede van Oos-Kaap plaas. ‘n Trok met 91 bale (waarde R1.6 miljoen) is einde verlede jaar gekaap, wat wol van kommersiële produsente was. Die saak is egter suksesvol opgelos en die skuldiges aangekeer. Volgens makelaars is die verdwyning van enkel bale in kommuniale gebiede steeds ‘n probleem, hoewel ‘n afname in diefstal die afgelope jaar ervaar is. Die NWKV werk nou saam met die Veediefstaleenheid in die verband.

**Kommunikasie en Beeldbou**

Bonita Francis hanteer dit vanaf die hoofkantoor in PE en doen ‘n uitstekende taak. Wolboer en Nuusbrief wat deur Agri- Connect gedoen word, weerspieël ‘n uiters positiewe beeld van die NWKV en is die kontrak hiervoor met ‘n verdere 3 jaar verleng.

Produsente word aangemoedig om inligting en nuus na Bonita te stuur vir plasing in die tydskrif / nuusbrief. Ons dank ook aan Karen Grobler vir die ondersteuning en goeie samewerking.

**Institusionele skakeling**

NWKV topbestuur het direkte gesprekke gehad met onder andere die volgende

persone en strukture gedurende 2015/16:

- Portefeulje komitee van Landbou, Bosbou en Visserye. Hierdie komitee het ook die Wolindustrie in September 2015 in PE besoek.
- MINMEC (Vergadering van die Minister met die MEC's van Landbou in die onderskeie provinsies)
- MEC Oos-Kaap
- Dept. Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming
- DG van Landbou

**Gedurende hierdie gesprekke is**

- Predasie
- NWKV Ontwikkelings program
- Bek-en-klouseer
- En skeerders uit Lesotho, bespreek

**EIE SAKE**

Ons het die afgelope jaar baie tyd en energie bestee om ons ledelys databasis in orde te kry. My dank aan Fanie Dippenaar en sy span vir enorme insette. Die nuwe stelsel wat nou geimplimenteer word gaan sorg vir 'n akkurate ledebasis. Die stelsel kan egter ook net so akkuraat wees soos die inligting wat ingevoer word. Daarom is dit 'n uitdaging vir al ons provinsiale kantore met Riana aan die hoof om hierdie stelsel korrek te bedryf. Hiermee ook my dank aan al ons makelaars wat uit hul pad gaan om ledegelde in te vorder.

Ons glo dat ons nuwe datastelsel ook meer akkurate inligting aan julle sal verskaf. My dank ook aan provinsiale voorsitters en besture vir die werf van nuwe lede. Hoe meer lede, hoe groter is die verspreiding van die las en hoe effektiewer is ons organisasie.

**DOELWITTE**

Dis altyd goed om uit die verlede te praat, want dis ‘n gegewe. Die toekoms is egter onseker, tog uitdagend. Daarom wil ek afsluit met die fokus van die NWKV bestuur vir 2016/17:

1. **‘n Sterker lede-organisasie** met die doelwit vir 70% opbetaalde lede teen 2019

2. **Verhoog die sigbaarheid van die diens onder die wolboere**, via die gedrukte, elektroniese en sosiale media, asook kontak met die boere op die grond.

3. **Vestig die ekonomiese ontledingsdiens as een van die vlagskepe**, deur die bruikbaarheid en waarde daarvan as bestuurshulpmiddel verder uit te brei en aantreklik vir produsente te maak.

4. **Vestig die NWKV se webbladsy as een van die beste bronne van bestuursinligting** vir die wolboere van Suid Afrika.

5. **Bemagtig die personeel met die nodige kennis en vaardighede** om optimaal te kan funksioneer.

6. Aktiewe betrekking van jonger generasie boere.

7. **Kommunal Landbou.** Die personeel-tekort is ’n bedreiging vir hierdie diens. **Brei die personeel in kommunale gebiede uit tot bo ’n kritiese massa sodat die diens effektief gelewer kan word.**

8. **Herbeplan die bedieningsgebiede in kommuniale areas.**

Hiermee glo ek is die tafel gedek vir ‘n uitdagende kongres, kreatiewe deelname en positiewe denke. Ek sluit af met ‘n spesiale boodskap vir die wolbedryf van SA.